

Reaksie op die Here se seën (OP40)

Num 7:1-11, 12-17 OAV, 89

16 Mei 2021

Ek wil begin en kortliks opsom wat tot dusver in Numeri gebeur het: Ons het al geleer van die sensusopnames wat onder die volk en die Leviete gedoen is in opdrag van die Here, asook van die reëlings wat die Here gegee het in terme van die orde in die kamp en ook wanneer die volk sou trek. Daarna het ons geleer van die reinigingsvoorskrifte wat die Here gegee het: die onrein persone moes uit die kamp gestuur word, sake van onderlinge benadeling moes reggestel word, sake van agterdog moes voor die Here gebring word, en 'n Nasireërsbelofte moes alleen gebring word na ernstige oorweging. Daarna het ons laasweek geleer dat die Here die volk geseën het: "Die Here sal jou seën en behoed, Die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en jou genadig wees, die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn en aan jou vrede gee." Vandag kom ons by Num 7, en ek wil dit oordink onder die tema: Reaksie op die Here se seën.

Chronologie

Kan ek begin deur 'n paar opmerkings oor chronologie te maak in hierdie deel van Numeri. Num 7:1 verwys na die dag toe Moses die tabernakel en al sy gereedskap gesalf en geheilig het. Eks 40:1-2 leer dat dit plaasgevind het op die eerste dag van die eerste maand van die tweede jaar nadat die volk uit Egipte getrek het. Maar as jy terug blaai na Num 1 toe, dan lees ons dat die sensusopnames begin het op die eerste dag van die tweede maand van die tweede jaar na die trek uit Egipte. Die inwyding van die tabernakel het dus 'n maand voor die sensusopnames gebeur. Num 7 se gebeure moes dus voor Num 1 plaasgevind het. In Num 9:1-3 lees ons dat die volk die Paasfees gevier het – op die 14de dag van die eerste maand – dit was dus ook voor Num 1. En in Num 10:11 lees ons dat die volk op die 20ste van die tweede maand van Sinai af vertrek het. Kan ek die chronologie dus soos volg opsom (en kan ek maar ons maande gebruik net om dit makliker te maak):

- 1 Jan: Inwyding van die tabernakel, begin van die offergawes in Num 7
- 14 Jan: Vier van die Paasfees
- 1 Feb: Begin van die sensusopnames
- 20 Feb: Vertrek die volk vanaf Sinai

Wat ons moet raaksien is dat hierdie gedeelte van Numeri nie chronologies is nie. Die doel van die gedeelte is dus nie primêr om chronologiese gebeure te beskryf nie. Dit laat die vraag ontstaan wat dan wel die doel van die skrywer, en dus van die Heilige Gees, was om die materiaal te rangskik soos wat dit is?

In Num 1-10 het ons 'n beskrywing van hoe God die volk voorberei het vir hulle trek van Sinai af deur die woestyn na die beloofde land toe. Hy bemoedig hulle eerstens deur vir hulle deur die sensusopnames te wys Hy is getrou aan Sy verbondsbloftes, en hulle is reeds 'n groot volk. Daarna bemoedig Hy hulle deur vir hulle te toon Hy woon in hulle midde in die kamp, en is ook die middelpunt wanneer hulle trek. Daarna verwag Hy van hulle dat hulle hulle moet reinig, siende dat die Heilige God in hulle midde is. En dan seën die Here hulle, en Hy belof Hy sal hulle beskerm, Hy sal aan hulle genade bewys, en Hy sal aan hulle vrede gee – wat natuurlik finaal bereik sal word as hulle in die beloofde land is. Dit alles is in Num 1-6 beskryf. Nou kom ons by Num 7. En wat ons hier lees is die begin van die reaksie van die volk op al die Here se bemoeienis met hulle tot hiertoe – veral op daardie seën met die ryke beloftes wat die Here sopas aan hulle gegee het aan die einde

van Num 6. Ek wil die reaksie in Num 7 oordink aan die hand van die twee stelle offers wat die leiers van die volk bring, en dan ook die reaksie van die Here op hierdie offers.

Tentwaens en osse (Num 7:1-9)

Met die inwyding van die tabernakel, het die leiers van Israel offergawes gebring. Vanaf vers 12 lees ons die detail van die twaalf leiers wat hierdie offergawes gebring het. Hulle is dieselfde persone as die wat volgens Num 1 die leiding geneem het om Moses te help met die sensusopname. Ons kan verder aanneem dat hierdie leiers elkeen die offergawes gebring het van die betrokke stam wat hy verteenwoordig het. Ons lees van twee stelle offergawes wat hulle gebring het: die eerste gawes word in vers 2-9 beskryf, en die tweede stel in vers 10-88.

Volgens vers 3 het hierdie 12 leiers in totaal 6 tentwaens en 12 osse as offergawes gebring. Twee leiers het saam 1 tentwa gebring, en elke leier het 'n os gebring. Dit lyk of hierdie leiers hierdie offers vrywillig gebring het, want volgens vers 4 wil dit voorkom of Moses nie presies geweet het wat hy nou met die tentwaens en osse moes doen nie. Dit lyk of hy die saak voor die Here gebring het om uitsluitel te gee. Die uitsluitel van die Here is dat Moses die waens en osse moes aanvaar, en hy moes dit aan die Leviete gee wat dit moes gebruik in die tabernakelwerk wat aan hulle gegee is.

Die Here het ook aan Moses gesê hoe die waens en tente toegedeel moes word: 2 waens en 4 osse moes aan die Gersongroep gegee word. Hulle was verantwoordelik vir die vervoer van die seile en gordyne van die tabernakel wanneer die volk sou trek (Num 3:25-26), en kon die waens en osse vir die doel gebruik. Die ander 4 waens en 8 osse het Moses aan die Merarigroep gegee. Hulle was verantwoordelik vir die vervoer van die rame, dwarslatte, voetstukke en ander gereedskap van die tabernakel (Num 3:36-37). Aangesien hierdie items swaarder was om te vervoer, het hulle 'n groter getal waens en osse ontvang. Die Kehatgroep het nie waens en osse ontvang nie, omrede hulle verantwoordelik was vir die vervoer van die meublement in die tabernakel (Num 3:31), en hulle moes dit op hulle skouers dra, nie op 'n wa nie – dink maar net aan die gevolge toe Dawid later die verbondsark wel op 'n wa vervoer het, en Ussa met sy lewe betaal het toe hy na die verbondsark gegryp het (2 Sam 6). Die offergawes is dus gebruik vir die vervoer van die tabernakel. Dit is nie eweredig aan die drie Levietegroepe toegeken nie, maar wel in ooreenstemming met hulle behoeftes om hulle verantwoordelikhede na te kom.

Wat opvallend is, is die volgende: Daar was nie 'n opdrag aan die leiers om hierdie offers te bring nie. Maar die leiers was deeglik bewus dat hulle op die punt staan om te vertrek. Hulle het gehelp met die oprig van die tabernakel. Hulle het kennis gedra van die rol van die Leviete. En hulle het raakgesien hier is 'n behoefte aan waens en osse. Hulle het die inisiatief geneem onderling om die werk te verdeel: elkeen gee 'n os, en twee saam gee 'n wa. En hulle het elkeen sy stam gemobiliseer om die gawes te gee. Boonop het hulle die gawes gereed gehad met die inwyding van die tabernakel. Hulle bring dit ordelik na die tabernakel toe, en laat Moses toe om dit onder leiding van die Here aan die verskillende groepe toe te deel soos wat dit nodig is.

Offergawes vir die wyding van die altaar (Num 7:10-88)

Bo en behalwe die waens en osse, het hierdie 12 leiers nog offergawes gebring vir die wyding van die tabernakel en die altaar. Ons lees dat elke leier die volgende offers gebring het:

- 'n silwer skottel gevul met meel en olie vir die graanoffer
- 'n silwer kom met meel en olie vir die graanoffer
- 'n goue pannetjie gevul met wierook
- 'n jong bul, 'n ram en 'n jaaroud lam as brandoffer

- 'n bokram as sondeoffer
- 2 osse, 5 ramme, 5 bokramme en 5 jaaroud lammers as maaltydoffer

Hier word bykans al die offers genoem wat die volk tipies moes bring:

- die graanoffer was om dankbaarheid te betoon vir die Here se voorsiening
- die brandoffer was vir algemene versoening van sonde en bewys van toewyding aan die Here
- die sondeoffer was om versoening te doen vir algemene sondes
- die maaltydoffer was 'n geleentheid om gemeenskap te vier en dankbaarheid te toon

Die enigste offer wat nie gelys word nie, is die skuldoffer wat tipies gebring is wanneer daar 'n spesifieke sonde gepleeg is. Van die offers wat gebring is, is volledig verbrand (die brandoffer) en was dus volledig aan die Here gewy, ander offers is deur die priesters geëet (graanoffer en sondeoffer), terwyl die maaltydoffer deur die priesters en die volk geëet is. Al met al moet ons die gevolgtrekking maak – hierdie was 'n groot fees: offers vir versoening vir sondes en toewyding aan die Here is gebring, offers van dankbaarheid is gebring, onderlinge gemeenskap is gevier tussen die volk, die priesters en selfs die Here.

Boonop lees ons in vers 11 dat die Here gesê het net een stam/leier moes per dag sy offers voor die Here bring. Die ander moes hulle offers op daaropvolgende dae bring. Dit was dus nie net 'n groot fees nie – dit het vir 12 dae aangehou! Dus vanaf die 1ste van die maand tot op die 12 van die eerste maand! Ja, die volk moet eersdaags trek – maar nou vier hulle eers 'n groot fees saam met die Here.

Ons word gekonfronteer in verse 12-83 met 'n oënskynlike eindelose herhaling van dieselfde detail vir elk van die 12 stamme wat almal presies dieselfde offers bring – dit word 12 keer herhaal, net die detail van die stam en die leier verander. En boonop word in verse 84-88 die totale gegee van al die offers wat die 12 stamme gesamentlik gebring het. As ons eerlik is, moet ons erken ons stoei maar om deur dit alles te worstel – die NAV het selfs gevoel om dit te “optimiseer” en verkort! Hoekom so 'n langdradige en 'n in detail beskrywing? Daar is 'n paar redes:

- Hierdie is werklik 'n groot fees vir die volk! Die Here is getrou: Hy het hulle 'n groot volk gemaak. Hy het hulle uit Egipte verlos. Hy het sopas aan hulle Sy wet en voorskrifte gegee. Hulle het sopas die tabernakel opgerig wat Sy woonplek onder hulle is. En Hy het hulle sopas geseën en aan hulle beloof Hy gaan saam met hulle van hier af tot hulle in vrede in die beloofde land eindig. Dit is rede tot groot opgewondenheid en 'n groot fees in die teenwoordigheid van die Here. Hierdie fees gaan nie afgerammel word nie – nee, dit moet oor 12 dae strek!
- Hierdie is ook 'n groot fees vir die Here! Die Here verlustig Hom in die offers wat die volk bring. Lees Ps 149:4 in ESV: “For the Lord takes pleasure in His people; He adorns the humble with salvation”. Dit is asof die Here aan elke stam en leier wil sê: Ek verlustig My in elkeen se offers! Ek geniet elkeen se offer! Kan ek dit met respek sê: Die Here wil dit ook nie aframmel nie!

Die Here praat met Moses (Num 7:89)

Die hoofstuk word afgesluit met die stelling dat telkens wanneer Moses in die tabernakel ingegaan het om met die Here te praat, het die Here met hom gepraat – die Here se stem was hoorbaar vanaf die versoendeksel af, tussen die gerubs bo-op die verbondsark, waarbinne die getuienis, d.w.s. die wet van die Here, was.

Sien jy wat hier gebeur? Sopas het die Here hulle geseën. In reaksie daarop bring die volk hulle offergawes tydens 'n 12 dae lange fees waarin hulle hulle in die Here verlustig en die Here Hom in hulle verlustig. En dan kom die volgende genade vanaf die Here – Hy sê: Julle kan met My praat. Ja, welliswaar sal dit deur Moses gebeur, maar telkens as julle met My wil praat, kan Moses na My toe kom, en telkens as Moses met My praat, sal Ek met Moses praat. Voorwaar, die Here is in hulle midde!

Toepassings

Kom ons dink oor drie implikasies van wat ons hier lees vir ons:

- Die vraag wat ons onself moet afvra, is of ons optrede vergelykbaar is met die optrede van die leiers? Hulle was deeglik bewus van wat al alles gebeur het om hulle by hierdie punt te bring. Is jy bewus daarvan dat ons in 'n soortgelyke posisie as hulle is? Hulle was reeds gered uit Egipte. As jy 'n gelowige is, is jy reeds geregverdig en dus spreekwoordelik verlos uit Egipte. Hulle het beleef hoe die Here aan hulle Sy voorskrifte gegee het by Sinai. As jy 'n gelowige is, het jy toegang tot God se volle openbaring aan die mensdom. Hulle het gesien en gehelp om die tabernakel te bou. Jy hoef net jou oë oop te maak om te sien hoe die Here Sy kerk gebou het oor die afgelope 2000 jaar. Hulle is sopas deur die Here geseën. Jy is heelwaarskynlik al verskeie male met presies daardie selfde seën in Num 6 geseën.

Dit was vir hulle duidelik wat die volgende stap is wat moet gebeur: hulle moet vertrek om die beloofde land in te neem. Die Bybel is baie duidelik oor wat jou rol is: Jy moet getuie wees wat die wêreld konfronteer om hulle te bekeer voor die einde kom. Daardie leiers kon sien daar is 'n behoefte om die ark te vervoer. Netso is daar baie groot nood vir die kerk om haar rol as getuie te vervul. Is jy hoegenaamd sensitief vir hierdie nood? Sien jy die nood raak? Sien jy geleenthede raak waar jy die saak van God se koninkryk kan bevorder? Is dit iets wat jy gereeld oor dink, en in gebed met God oor worstel? Of is jy doodeenvoudig tevrede – ek is mos gered, die einde kan maar kom? En as jy 'n geleentheid raaksien, mobiliseer jy jouself en ander om die geleentheid aan te gryp? Maak jy planne om die koninkryk te bevorder, spoor jy ander aan om jou te help? Miskien voel jy jy is nie die leier nie – dit is sekerlik so dat nie almal leiers is nie. Maar skaar jy jou dan by persone wat wel die leiding neem om sulke geleenthede te identifiseer? Of is jy maar tevrede om deel te wees van 'n gemeente wat net na binne gefokus is? Is jy ywerig om jou tyd en gawes aan te bied om te help dat die saak van die koninkryk van God bevorder word? In 2 Kor 8:1-5 skryf Paulus oor die gemeentes in Masedonië wat uit eie beweging by Paulus aangedring het om te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea. Kan ek jou vra: Wanneer laas het jy so-iets gedoen? Wanneer laas het jy 'n tentwa of 'n os gebring met die doel dat die tabernakel na die beloofde land vervoer kan word?

- Hierdie leiers onder die volk het bewustelik kennis geneem van wat besig is om met hulle te gebeur. Hulle het nie daarop gereageer deur net die tentwaens en osse te bring nie, nee hulle het ook nog die ander offers gebring: silwer skottels, komme, goue pannetjies, wierook, graanoffers, brandoffers, sondeoffers en maaltydoffers. En toe vier hulle fees – vir 12 dae lank! Ons sou kon dink siende dat hulle op die 20ste van die volgende maand moet vertrek, voor dan nog sensusopnames moet hou, en siende dat hulle stryd kan verwag om die beloofde land in te neem – miskien is daar nou beter dinge om te doen: kry julle wapens gereed, oefen julle militêre maneuvres, en wie weet wat nogal. Maar dis nie wat hulle doen nie – hulle bring ruim offers, en hulle vier fees vir 12 dae lank!

Kan ek jou vra: Nadat jy laasweek geseën is met dieselfde seën wat hulle mee geseën was, wat was jou reaksie? Was jy opgewonde om weer aan die heerlike inhoud van die seën herinner te word? En toe, wat het toe van daardie opgewondenheid geword? Was jy teen Dinsdag nog opgewonde, of het die opgewondenheid teen daardie tyd al weer verdwyn? Wat het jy gedoen om jou opgewondenheid teenoor die Here te erken en te bewys? Wat het jy gedoen om te keer dat jy nie maar net weer die opgewondenheid verloor nie?

Die leiers en die volk het ruim offers gebring. En toe vier hulle fees vir 12 dae lank! As deel van die fees bring hulle brandoffers en hulle wy hulle bewustelik toe aan die Here. Hulle bring sondeoffers en erken en bely hulle sondes. Hulle bring graanoffers en hulle verlustig hulle in die Here se voorsiening. En hulle bring maaltydoffers waar hulle hulle verlustig in die gemeenskap wat hulle met God en hulle medevolksgenote het. In die proses bring hulle offers waarvan die priesters mag leef, wat hulle geestelike leiers is wat hulle voorgaan in hulle diens aan die Here. Dis hoe hulle hulle opgewondenheid getoon en gevoed het.

Het die seën jou gebring by 'n punt waar jy jou bewustelik aan die Here gewy het? Het jy in reaksie op die seën opnuut jou sondes voor die Heilige God gebring? Het jy jouself opnuut verlustig in die voorsienigheid van God wat veroorsaak het dat jy deur die Here geseën kon word, asook in Sy verdere voorsienigheid in die uitvoer van die beloftes in daardie seën? Het jy op enige manier jou saam met medegelowiges verlustig in die gemeenskap wat julle onderling het, en veral wat julle met die Here het? Indien nie, is dit nie so vreemd dat jou opgewondenheid verdwyn het nie.

- Ons moet raaksien dit was die Here wat die volk tot hier by Sinai gebring het. Dit is die Here wat hulle geseën het. En as die leiers dan die offers na die Here toe bring, is dit ook die Here wat vir hulle sê hulle moet die fees uitsprei oor 'n periode van 12 dae. Ja, enersyds is dit vir hulle goed om 12 dae lank fees te vier, maar ons moet ook verstaan, die Here verlustig Hom ook wanneer hulle 12 dae lank offers vir Hom bring. Die Here verlustig Hom in Sy kinders – onthou jy die derde deel van die seën: “Ek sal my aangesig oor jou laat skyn...”? Ek het netnou Ps 149 gelees waar ons gesien het “the Lord takes pleasure in His people”. In Heb 6:10 lees ons: “God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir Sy Naam betoon het deurdadig julle medegelowiges gedien het en nog dien nie”. In Maleagi 3:17 beskryf die Here die mense wat eerbied vir Hom het as 'n kosbare besitting.

Num 7 sluit af met die stelling dat die Here met Moses gepraat het in die tent van ontmoeting. Die Here het onderneem om met Moses te praat wanneer hy met Hom kom praat. Die Here het ons as gelowiges ook geseën. Niks minder as 'n opgewonde respons van ons is gepas nie. Die Here verlustig Hom in so 'n respons. En Hy gaan selfs verder as dit: Hy onderneem, wanneer ons met Hom praat, sal Hy ook met ons praat. Immers ons het 'n Voorspraak by Hom – die Here Jesus self. En ons het die Heilige Gees wat namens ons bid as ons nie weet wat om te bid nie. Die Here bou 'n lewende verhouding met Sy kinders: Hy seën hulle, en luister wanneer hulle met Hom praat. Hy verlustig Hom in hulle. Maar hulle moet Hom dien met hulle lewens, en moet by Hom leiding soek.

Geliefdes, die Here is besig met 'n groot taak – Hy is besig om Sy koninkryk wat reeds gevestig is, te voltooi. Hy sal hierdie taak voltooi. Hy wil dit voltooi deur die medewerking van Sy gelowige kinders. Hy seën hulle en is by hulle. Mag ons ook ywerige medewerkers wees in die realisering van Sy koninkryk!